

18 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 13:44-52
Fokusgedeelte: DL, 1:9

Is ek uitverkies omdat ek glo, of glo ek omdat ek uitverkies is?

Is ek uitverkies omdat ek glo, of glo ek omdat ek uitverkies is? Agter hierdie vraag sit eintlik die vraag of ek uit verdienste of uit genade gered word. As ek uitverkies is *omdat ek glo*, dan beteken dit dat ek dit verdien om gered te word. Omdat ek glo, verdien ek dit om uitverkies te word en gered te word. As ek egter glo *omdat ek uitverkies is*, beteken dit dat ek uit genade gered is. Dan het ek niks met my eie redding te doen gehad nie en het God alles bewerk.

In Handeling 13:48 lees ons: "Almal wat vir die ewige lewe bestem was het gelowig geword." Dit is dus baie duidelik dat God nie in die toekoms ingekyk het om te sien wie eendag sou glo en wie nie, en toe besluit het om die wat eendag sou glo uit te kies nie. Ons is beslis nie op grond van ons sogenaamde vooruitgesiene geloof uitgekies nie. Nee, God het eers uitgekies, eers vir die ewige lewe bestem, voor die skepping al, en toe ook bepaal dat ons tot geloof sou kom. My uitverkiesing deur God is dus die oorsaak van my geloof en my geloof is nie die oorsaak van my uitverkiesing nie!

Om die rede kan ons met vreugde bely: "Daarom is die uitverkiesing die bron van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan vloei." As ek glo omdat ek uitverkies is, en nie andersom nie, het ek alle rede om God te loof en te prys soos die heidene wat baie bly was oor die woord van die Here en dit toegejuig het (vers 48)!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~